

19 Julie

1 Johannes 1:1-7, (Teks: 1:7)

Verlig tot huisgenote van Christus

Johannes praat ook in sy evangelie van hierdie lig. Daar lees ons dat Christus as die lig deur die mense verwerp is omdat hulle die duisternis liever gehad het as die lig (Joh. 3:19). God laat hierdie miskenning van sy kosbaarste gawe nie ongestraf bly nie. Daar staan dat die wat nie glo nie alreeds vanweë hulle ongeloof veroordeeld staan (Joh. 3:18). Tog is daar ook iets troosvol wat Johannes van hierdie lig skrywe. In Johannes 1:5 staan: "Die lig skyn in die duisternis, die duisternis kon dit nie uitdoof nie". Dit is nie net die duisternis en die liefde vir die duisternis wat sedert die geboorte van Christus voortbestaan nie. Die liefde van God bestaan ook nog. Die duisternis kan steeds nie hierdie lig uitdoof nie.

Hoe lewe ons in die lig? Een van die kragtigste maniere om die Lig van die wêreld tot sy reg te laat kom in ons lewens, is om as gelowiges met mekaar gemeenskap te hê. As kinders van die lig skaar ons ons dan in die glans van hierdie Lig. In teenstelling met hulle wat die duisternis liever het as die lig en in hulle duisternis voortlewe, lewe die ligdraers as 'n magtige skare van getuies van die Lig.

"Hoe salig is die volk wat luister na u woord,
hul wandel in die lig wat van U afstraal voort" (Ps. 89:6).

By die lig wat van ons Middelaar afstraal, kan geen sonde stand hou nie. Dit word gereinig deur die bloed van Christus.

Verder word ons ook opgebou deur hierdie geloofsgemeenskap deur al meer en meer soos Hy te wees.

'n Gemeenskap wat in hierdie lig lewe, is huisgenote van Christus.

Sing: Psalm 84:6

Ds. L. vd. M. Vogel (Nylstroom)